NG Doringkruin

In verhouding met Jesus vandag

# HANDLEIDING VIR DOOPVOORBEREIDINGSGESPREKKE



# WAAROOR GAAN DIE DOOP?

Hoekom doop ons babas in die NG Kerk? Wat beteken my eie doop vir my? Dit is vrae wat een of ander tyd in elkeen van ons se gedagtes rondmaal, en daar is verskillende antwoorde wat op hierdie vrae gegee kan word. Elkeen van hierdie antwoorde sal in 'n mindere of meerdere mate 'n stuk waarheid inhou. Dit sou waarskynlik ook nooit heeltemal moontlik wees om 'n enkele, presiese antwoord op hierdie vrae te formuleer wat as die "modelantwoord" dien nie.

Wat wel belangrik is, is dat ons 'n idee sal probeer kry van wat die Here se bedoeling met die doop is, sodat ons opgewonde kan raak oor die goeie nuus wat die Here vir ons deur die doop gee.

In Genesis 17 lees ons die interessante verhaal van God se belofte aan Abraham (verbond). Hierdie belofte (verbond) wat God met Abraham sluit, is ook die fondament waarop ons binne die Gereformeerde tradisie die doop verstaan. Ons doop ons kind(ers) op grond van die spesiale verhouding (verbond) wat die Here met ons het. Hierdie gedeelte help ons ook om dalk iets van God se bedoeling met die doop te verstaan.

## GOD NEEM DIE INISIATIEF IN SY VERHOUDING MET ONS

In Genesis 17:1 lees ons dat God aan Abraham verskyn. Dis nie Abraham wat besluit het om na God te gaan soek nie. God neem die inisiatief en God verbind Homself aan Abraham deur bepaalde beloftes aan hom te maak.

Wanneer dit by ons verhouding met die Here kom, is dit presies dieselfde. Hy is die Een wat na jou en jou kinders toe kom. Dis nie ons wat in die eerste plek na God toe gaan nie. Wanneer ek en jy voor die doopvont staan, is dit ook nie ons wat ons kind na die Here toe bring nie – dit is eintlik die Here wat ons daar kom ontmoet om ons te herinner aan Sy spesiale verhouding met ons.

## GOD VERBIND HOM ONLOSMAAKLIK AAN ONS

In Genesis 17:7 lees ons dat God Homself aan Abraham en sy nageslag verbind. Hy gee daardeur baie besondere inhoud aan Sy spesiale verhouding met Abraham. Hy sê vir Abraham: "Ek sal jou God wees en Ek sal ook die God wees van jou hele nageslag."

Wat moes Abraham en sy kinders doen voordat God Homself so aan hulle verbind. Niks! Abraham het in daardie stadium nog nie eens 'n kind(ers) nie en tog kom sê die Here: "Ek neem die inisiatief en Ek verbind myself as God aan jou en jou nageslag."

Net so kom verbind die Here Homself ook onlosmaaklik aan ons en ons kinders. Julle kind(ers) verstaan nog net mooi niks van godsdiens of God nie, en ek en jy verstaan ook eintlik min van God. Tog, hoor ons keer op keer van God se verbintenis aan ons. Dit gebeur nie omdat ons mooi beloftes aan die Here maak, of omdat ons goeie mense is nie. Nee, dit gebeur omdat die lewende God ons lewens en die lewens van ons kinders kom aanraak deur Sy liefde, sorg en volgehoue teenwoordigheid in ons lewens.

Ons wat na Jesus Christus se koms leef, het veel meer as net 'n belofte soos Abraham om aan vas te hou. Ons het die getuienis van 'n leë kruis en 'n oop graf. In Jesus Christus het God finaal kom bevestig dat Hy ernstig was met Sy belofte dat Hy ons God sal wees.

## WAT IS MY ANTWOORD OP HIERDIE GROOT GESKENK?

Wanneer God Homself klaar aan Abraham verbind het, lees ons in Genesis 17:9 - 14 dat God Abraham uitdaag om Hom op Sy Woord te vat. God gee aan Abraham die opdrag om al die mans in sy geledere te laat besny. Die besnydenis dien as teken van die verbond (spesiale verhouding) wat God reeds ingestel het. Die opdrag tot besnydenis volg ook ná God se verbintenis aan Abraham. Wat vra God eintlik in die besnydenis-handeling van Abraham? Eintlik net dit: “Glo jy My, Abraham? Kan jy My op My Woord vat...?

Wanneer ek en jy voor die doopvont kom staan, doen ons eintlik dieselfde: Ons kom sê: “Ja Here, ons vat U op U Woord dat U ook ons God is en gaan wees.” Die doop is daarom ook vir ons ŉ herinneringsteken daarvan dat die Here vir ons kom sê: “Ek is jou God en ek sal jou en jou kind(ers) se God wees.”

By die doopvont kom erken ons ook dat die Here van Sy kant af alles klaar gedoen het dat ons kind(ers) ook in ŉ spesiale persoonlike verhouding met Hom kan leef. Al wat van ons en hulle kant af moet gebeur, is om te antwoord op Sy uitnodiging om deel te wees van Sy geloofsfamilie. Daarom is die doop nie my kaartjie hemel toe nie, maar bloot ŉ bevestigingsteken van God se verbintenis en ŉ uitnodigingsteken aan my om te antwoord op God se liefde.

## WAT VRA GOD DAN VAN MY AS OUER DEUR DIE DOOP?

Onthou, God het nie aan al mense in Abraham se midde verskyn nie. Abraham moet hierdie goeie nuus van God se spesiale verhouding en Sy verbintenis aan hulle gaan verduidelik, sodat hulle die betekenis van die besnydenis kon verstaan. Anders sou hulle tog nie deel kon of wou wees van een of ander op die oog af sinlose ritueel nie.

Presies dieselfde geld vir ons met die doop. Onthou, die Here gebruik ons as ouers om ons kinders te leer van sy liefde, sorg, genade en teenwoordigheid in hulle lewens. Dit is ŉ voorreg om aan ons kinders die goeie nuus te bring dat die lewende God ook hulle God is.

Daar is veral drie maniere waarop ons hierdie goeie nuus vir ons kind(ers) kan bring:

- Deur hulle te vertel van die Here se liefde en verbintenis aan hulle.
- Deur ŉ voorbeeld vir hulle te wees deur ons gedrag teenoor mekaar en teenoor hulle. Ons kan tog deur ons optrede vir ons kind(ers) wys dat die Here ons en hulle liefhet, vir ons sorg, ons vergewe ensovoorts.
- Deur in ŉ stadium in ons kind(ers) se lewe vir hulle te vra of hulle al vir die Here gesê het dat hulle ook lief is vir Hom.

Hierdie taak is ŉ voorreg, maar ook ŉ opdrag. Lees wat staan daar in Deuteronomium 6:1 - 8 hieroor.

# MY KIND EN GOD

## Basiese uitgangspunte in die geloofsbegeleiding van kinders

Die bekende filosoof Chrysostom het die volgende opmerking aangaande kinders gemaak.

*"Kinders is beeldjies wat deur ouers vir God gevorm word."*

Hierdie woorde laat waarskynlik 'n dubbele gevoel van opgewondenheid en selfs 'n onsekere bangheid by baie ouers. Ons besef dat ons kind(ers) soos klei in ons hande is, en dat ons besliste vingerafdrukke op hulle lewens agterlaat.

Hierdie unieke klein mensies, is die klei-geskenkies uit God se hand wat primêr binne die omgewing van die huisgesin leer om God as werklikheid in hulle leefwêreld te ervaar.

Wanneer ons nadink oor die manier waarop hierdie leerproses in kinders se lewens plaasvind, is daar veral drie maniere waarop kinders leer:

- **KINDERS LEER DEUR INTERAKSIE:** Leer vind in die kommunikasie-ruimte van die gesin plaas. Daarom is dit baie belangrik dat ons genoeg tyd en aandag aan ons kind(ers) sal gee. Ons leef in 'n wêreld waar kinders dikwels aan hulle eie lot oorgelaat word, en waar ouers heeltyd besig is. Die afgelope paar jaar is hierdie probleem probeer oorkom deur te praat van kwalitatiewe betrokkenheid by ons kinders. Hiermee word bedoel dat ouers moeite sal doen om die bietjie tyd wat hulle saam met hulle kind(ers) deurbring die moeite werd te maak. Ongelukkig het onlangse navorsing getoon dat daar nie regtig iets soos kwaliteit-tyd bestaan nie. Kinders het behoefte aan genoeg en baie tyd. Hierdie waarheid is egter nie regtig iets nuuts nie. Die skrywer van Deuteronomium 6 het al iets hiervan verstaan toe daar geskryf is dat ons oral en alle omstandighede moet benut in die opvoeding van ons kinders.
- **KINDERS LEER DEUR MODELLERING:** Ons as ouers is die lewende voorbeelde vir ons kinders van hoe om in hierdie wêreld op te tree. Die bekende spreekwoord van "woorde wek, maar voorbeelde trek" is steeds 'n belangrike beginsel binne die leerprosesse van kinders (en dit geld nie net vir kleiner kinders nie.) Daarom is die manier waarop ons teenoor mekaar in die huisgesin optree uiters belangrik in ons kind(ers) se opvoeding. Baie mense sukkel byvoorbeeld om te glo dat die Here regtig hulle sonde vergewe. Wanneer mens by hulle uitvind hoe vergifnis in hulle ouerhuise gewerk het, hoor jy dikwels dat hulle as kinders dikwels nie dadelik vergifnis ontvang het wanneer hulle verskoning vir iets gevra het nie. Dikwels moes hulle eers "bewyse" van ware berou lewer.
- **KINDERS LEER DEUR DISSIPLINE:** Hier moet dissipline nie verwar word met militarisme of voortdurende straf nie. Dissipline in 'n leerproses waar duidelike grense gestel en gekommunikeer word om ware sekuriteit vir kinders te skep. Dissipline is ook nie iets wat net aan kinders voorgehou word nie, maar wat deur ouers se selfdissipline geleef word. Dit skep ware sekuri-teit en geborgenheid by kinders. Dissipline is die deurvoer van die eenvoudige beginsel van oorsaak en gevolg. In kort kan ons dus sê dat elke oomblik van elke dag deel van 'n leerproses vir ons kind(ers) is en die primêre plek waar kinders van God leer is by die huis.

# MY KIND, DIE BYBEL EN GELOOFSBEGRIPPE

- **BYBEL:** Dit is belangrik dat ons van kleins af vir ons kinders uit die Bybel sal lees. Ons kinders leef in ŉ visuele wêreld en hulle konsentrasievermoë is beperk. Moet daarom nie lang en moeilike Bybelgedeeltes wat oor abstrakte geloofsbegrippe (soos geloof, bekering, regverdigheid of verlossing) handel in die beginjare hanteer nie. Lees al die bekende verhale (onthou hulle hou van stories) wat konkrete denke aanspreek.
- **GOD:** Die kind(ers) kan tydens kleuterjare geleer word dat God die Skepper van almal en alles is en dat Hy vir alles en almal sorg. Moet aanvanklik nie te veel aandag gee aan die drie-eenheid en die verskil tussen Vader, Seun en Heilige Gees nie.
- **DUIWEL EN SONDE:** Waak daarteen om julle kind(ers) met die duiwel bang te maak. Dit skep ŉ ernstige verdraaide beeld van God in hulle denksisteem. Sonde moet gekommunikeer word as verkeerde dinge wat ons doen en wat God hartseer en/of ongelukkig maak. Wees ook versigtig om julle kind(ers) met sonde te dreig of bang te maak. Om nie kool te eet nie, is nie sonde nie, want oupa eet byvoorbeeld ook nie kool nie.
- **GEBED:** Gebed is nie een of ander rympie wat ons opsê nie. Leer julle kind(ers) dat gebed is om met God te praat. Laat hulle aanvanklik net vir God dankie sê vir twee of drie konkrete dinge. Gaandeweg sal gebed dan as kommunikasie met God ontwikkel.
- **RITUELE:** Doen moeite daarmee om reeds van vroeg af simbole en rituele deel van julle gesinsopset te maak. Konkrete handelinge rondom byvoorbeeld doop-datums, Paasfees en ander belangrike gebeure sal die konkrete teenwoordigheid van God in jul midde vir kinders ŉ werklikheid maak.